

Submission - through  
press - not for  
distribution.

TO THE TECHNICAL COMMITTEE ON CONSTITUTIONAL ISSUES.

---

THE CONSERVATIVE PARTY OF SOUTH AFRICA'S RESPONSE TO THE SPECIAL REPORT ON CONFEDERALISM FROM THE TECHNICAL COMMITTEE ON CONSTITUTIONAL ISSUES TO THE NEGOTIATING COUNCIL DATED 22 JUNE 1993 AND CONTAINED IN CONSTITUTIONAL COMMITTEE REPORTS VOLUME 2 DATED 23 JUNE 1993 PAGE 27.

---

#### 1. INTRODUCTION:

- (1) 1.1 { Paragraph 2.1 of the Special Report of the Technical Committee states as follows: "It is not for this Technical Committee to cross swords with the Conservative Party on its political views and opinions; in a very real sense they are the expressions of a political party's right to which we alluded in our First Report (paragraph 3.4.2)."
- 1.2 The right to self-determination that the Technical Committee referred to in paragraph 3.4.2 of their First Report clearly relates to the so-called collective rights of self-determination for groups in a single state, be they in the labour field, be they of social, cultural, linguistic, or religious nature. They also refers to collective rights of self-determination in the political field by way of political parties.
- (2) 1.3 { The Constitutional Proposals of the Conservative Party for a peaceful South Africa especially (paragraphs 3.1 - 3.9) are clearly not the expressions of a political party's right to their so called collective rights of self-determination in a single state as the Technical Committee point out in paragraph 2.1 of their Special Report.
- 1.4 The Constitutional Proposals of the Conservative Party for a peaceful South Africa are proposals on behalf of a People that claim the internationally recognized right of self-determination of Peoples, namely the Afrikaner People. We claim this right on behalf of the majority of the Afrikaner People.

In this regard we refer the Technical Committee to paragraph 8.3 of our constitutional proposals. We also refer the Technical Committee to paragraph 8.3.11 on page 17 of our constitutional proposals and especially to sub-paragraph 4 thereof:

"The right of a minority group not to be compelled to fall in with a pattern of self-determination if the majority of the members of that group are against this."

- 1.5 { The Conservative Party welcomes the Technical Committee's view that their role is to analyse the legal opinions expressed on a technical basis, while identifying the issues that need to be addressed by the Negotiating Council. This entails that the Technical Committee will refrain from making "value judgements" on specific issues.
- 1.6 The Conservative Party herewith presents the Technical Committee with our response to the Special Report on Confederatism. We also request that the Committee read this document in conjunction with our response to the First Report of the Committee in respect of self-determination, form of state and other related matters as well as our detailed written submission dated 7 June 1993.

## 2. CONFEDERATION AS AN OPTION

- 2.1 Paragraph 2.2 of the Special Report deals with the request of the Technical Committee in their Second Report for more clarity on certain aspects relating to the concept of Confederation. We dealt extensively with these issues in our written submission dated 7 June 1993.
- 2.2 The Technical Committee is of the opinion that these crucial issues need to be addressed in order to determine the feasibility of our proposal for a Confederation of Southern African States. It is our opinion that whether these proposals are feasible or not would be a value judgement and that the Technical Committee should rather analyse the legal opinions expressed on a technical basis.

### 3. SELF-DETERMINATION

- 3.1 We still do not agree with the Technical Committees interpretation of the right of self-determination. In our written submission dated 7 June 1993 we dealt extensively with this right as well as with the Technical Committees interpretation thereof. In this regard see pages 14 to 18 of our written submission. The Technical Committee did not respond to any of these arguments and simply retained their flawed interpretation of the right of self-determination.
- 3.2 Paragraph 2.3 of the Special Report of the Technical Committee again refers to paragraph 3.5 of their First Report in which the right of self-determination was interpreted as a collective right of minority groups vis-a-vis the general population in a single state. The Committee then continues to make a value judgement by saying that it is feasible to allow collective rights of self-determination to Afrikaners in a single South African state.
- 3.3 This is then followed by a further value judgement when the Technical Committee reports that what is problematic is the feasibility of affording pre-established and exclusive constitutional and political rights to Afrikaners in a separate state. This can only be problematic if the Technical Committee is committed to a single state.

### 4. FORM OF STATE AND TERRITORY

- 4.1 Paragraph 2.5 of the Special Report deals with the Conservative Parties indication that we intend to submit our proposals as to the territory and boundaries of the proposed Afrikaner state to the Commission on the Demarcation/Delimitation of Regions. It is our opinion that this specific aspect falls outside the mandate of the Technical Committee on Constitutional Issues and therefore we will submit our proposals to the Commission on the Demarcation/Delimitation of STATES, REGIONS AND PROVINCES. In this regard we also refer the Technical Committee to paragraph 9.10 on page 31 of our written submission dated 7 June 1993.

- 4.2 We have already requested the Commission on the Demarcation/Delimitation of States, Provinces and Regions to supplement our written submission by oral evidence.

## 5. CITIZENSHIP

5.1 The question of citizenship is dealt with in paragraph 2.6 of the Special Report of the Technical Committee. The Technical Committee refers to our definition of Afrikaners for the purposes of citizenship and states that in the opinion of the Committee it lacks legal certainty. We deny that our definition lacks legal certainty and refer the Technical Committee to the Staatsangehörigkeitsgesetz in German law.

5.2 In this regard we refer the Technical Committee to section 6 and 7 of the draft Constitution for the Afrikaner State (attached hereto as addendum "A") which deals with citizenship.

5.3 The Technical Committee with regard to citizenship also states: "that it would not include, all South Africans living in the partitioned portion at the time of the partition." Our proposals are not aimed at creating a further state for South Africans alongside the New South Africa being a state for South Africans.

5.4 We all want peace and prosperity. It is exactly for this reason that our proposals for a peaceful South Africa also makes provision for the creation of a Afrikaner State. Citizenship of our Afrikaner State is therefore based on the ius sanguinis, just as the citizenship of most European Countries. We do not base citizenship on the ius soli which underlies the concern of the Technical Committee. We also refer the Technical Committee in this regard to paragraph 9.11 on page 31 of our written submission dated 7 June 1993.

*needs special attention*

5.5 Paragraph 2.7 of the Special Report of the Technical Committee states the following:

"It seems to have been accepted during the debate in the Negotiating Council that the present population of the state contemplated by the Conservative Party would not contain a majority of Afrikaners."

From this premise the Technical Committee then draws the following conclusions:

- a) That the state will be based on minority rule
- b) That it would involve the denial of citizenship to the majority
- c) That this would involve the denial of self-determination to the majority of people who would be living in that state when it is established.

5.6 In the first instance as a general observation we refer the Technical Committee to the following quote:

"Five countries outside Europe are today ruled by white men from northern Europe. All five at different times were part of the British Empire; three of them remain part of the Commonwealth."

"Four of the five acted with unspeakable inhumanity towards the native people they found there, employing various means, including systematic slaughter, to reduce them to powerless minorities."

"The indigenous peoples in these countries, who were 100 percent of the population before the arrival of the white men, now form the following percentages: USA: 0,5% , Australia: 1% , Canada: 1,5% , New Zealand: 9% , South Africa: 81%."

"These figures give a complete explanation why the white people of the first four believe in one man, one vote, and the white people of the fifth do not. They also record the moral superiority of the Boer as an invader over the white invaders of North America and Australasia." Andrew Kenny, London Spectator: (Sunday Times Oct. 8, 1989, p.22)

→ genocide.

{ We are of the opinion that since our forefathers unlike others, did not act with unspeakable inhumanity and did not employ various means including systematic ~~slaughter~~ to insure that we are a clear majority throughout South Africa, surely we should not now be penalised for that. }

- 5.7 Whether the present population of the Afrikaner state would contain a majority or minority of Afrikaners is not clear at this stage, because it would depend on where the final boundaries of the proposed state will be drawn.

It will also depend on how many Afrikaners residing outside the proposed state applies for citizenship in terms of section 6.1 and 6.2 of the proposed draft Constitution of the Afrikaner state.

However, even if the present population of the Afrikaner state would contain a minority, we propose as part of a package deal that a transitional phase be negotiated to make it possible for Afrikaners to become a clear majority in their proposed state if that is not the case at the outset.

- 5.8 Our proposal will also not be a denial of citizenship to the majority of the people within the state at the time of its establishment. Those who are not entitled to citizenship in the Afrikaner state will remain citizens of the New South Africa. If as indicated the voting system in South Africa in the future will be based on proportional representation which is not geo-graphically based// then these South African citizens will not be deprived of any political rights. In this regard we refer the Committee to paragraph 9.12 on pages 32 and 33 of our written submission dated 7 June 1993, as well as sections 8.1 to 8.5 and 9.1 to 9.15 of the proposed draft constitution for an Afrikaner state.

- 5.9 Our proposal will also not be a denial of the right of self-determination to the people, be they a majority or minority, who would be living in that state when it is established. In this regard we refer the Technical Committee to its own definition of collective rights of self-determination in paragraph 3.4 of its First Report.

6. VOLUNTARY PARTITION / UNILATERAL SECESSION

- 6.1 We indicated during the debate on these issues that we would prefer voluntary partition as part of a internationally recognised settlement. In this regard also see paragraph 9.9.3 on page 29 of our written submission dated 7 June 1993. However we clearly indicated in paragraph 9.9.7 on page 31 there-off when a right of secession will arise.
- 6.2 The premise of the Technical Committee in paragraph 2.8 of their Special Report is based on paragraph 2.7 there-off, namely that the Afrikaners will be a minority from the inception of their state and for all times to come. This is clearly not the case. In this regard we refer the Committee to the arguments in paragraph 5 above.  
*The final position should be judged*
- 6.3 It will depend on the final boundaries, the transitional package to be agreed upon, as well as future agreements between the Afrikaner state and the New South Africa. In this regard the Committee refers to Yugoslavia. We urge all participants in the Multi Party Negotiation Process to make these proposals of the Conservative Party possible by way of final boundaries, a transitional package and future agreements. The alternative might be ethnic cleansing which we all should work together to prevent under all circumstances.

7. GOVERNANCE AND LEGAL SYSTEM

- 7.1 Ad par 2.9.  
As to the governance and legal system of the state that we contemplate, we refer the Technical Committee with regard to their questions in subparagraphs 2.9.2 and 2.9.3 to the draft Constitution of the Afrikaner State presently under discussion by the Conservative Party.
- 7.2 If the Technical Committee or the Negotiation Council want to discuss and debate any of the constitutional principles and powers of levels of government after reading our drfat constitution we are at their disposal.

8. CONCLUSION

8.1 We, in the Conservative Party, still trust and hope that we could reach agreement on a future constitutional dispensation for our country. A solution that does not exclude the realisation of the political aspirations of everyone in South Africa. All of us owe this to our children and the generations to come. We should not negotiate a course that will lead to destruction, strife and even civil war. We believe that our constitutional proposals for a peaceful South Africa can prevent that. Take our hand of friendship and cooperation; for any other course might be to disasterous to contemplate.

Dr CP Mulder  
Adv SC Jacobs

JOHANNESBURG  
- 23 JUNE 1993 -

---

---

---

KONSEPGRONDWET

VIR DIE

STAAT VAN DIE

AFRIKANERVOLK

VIR DOELEINDES VAN BESPREKING ALLEEN

---

---

AANHEF

*IN NEDERIGE ERKENTLIKHEID teenoor God-Drieënig, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volke;*

*Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hul eie gevestig het;*

*Wat hulle weë deur geslagte bepaal het;*

*Wat hulle so wonderlik deur gevare geleei het;*

*GEDAGTIG aan die selfbeskikkingsreg van volke wat deel vorm van die algemene volkereg en wat as sodanig 'n jus cogens-karakter met 'n erga omnes-regswerking het en wat erken word in die Handves van die VVO ingevolge waarvan dit die onvervreembare reg van elke volk is om oor elke faset van sy bestaan, sonder inmenging deur andere, self te beslis;*

**VERKLAAR** hiermee as verteenwoordigers van die volk dat;

**ONS BEWUS IS** van ons verantwoordelikheid voor God, die mensdom en ons volk;

**DORTUIG IS** van die noodsaaklikheid dat Afrikaners wat een van politieke sin en strewe is, moet saamstaan:

*Om die politieke onafhanklikheid en die territoriale integriteit van ons land teen aanvalle van binne en buite te beskerm;*

*Om die Wet en Orde daarin te handhaaf;*

*Om die geluk en welvaart van almal daarin te bevorder.*

**DAT ONS BEREID IS** om te alle tye ons plig teenoor ons land en ons medelandsburgers te doen en om nie-langsburgers altyd met respek en agting te behandel en

**OM GESAMENTLIK** met alle vredeliewende volke, en veral ons buurvolke en gemeenskappe in Suider-Afrika, vrede te soek

*en geskille, vir sover dit enigsins moontlik is, vreedsaam te besleg.*

**DAAROM** wil ons die opdrag van God en van ons Volk uitvoer on ons eie Republiek te vestig met 'n Grondwet wat die beste sal aanpas by die tradisies en geskiedenis van ons Vaderland.

## DEEL 1

### GRONDBEGINSELS

#### ARTIKEL 1

##### **OMSKRYWING**

Die Republiek ~~Huw~~ (...NAAM...) is 'n vrye, soewereine en onafhanklike Staat met 'n Christelike grondslag.

## ARTIKEL 2

### SOEWEREINITEIT

Met erkenning aan God-Drieenig wat die lotgevalle en toekomsbestemming van alle nasies en volke in Sy hand hou, word alle staatsregtelike bevoegdhede en kompetensies in die staat deur die Volk bepaal wat hierdie bevoegdhede en kompetensies deur demokraties verkose verteenwoordigers uitoefen; met die voorbehoud dat hierdie verteenwoordigers in algemene, vrye, gelyke direkte en geheime stemmings in kiesafdelings verkies moet word.

## ARTIKEL 3

### REGSTAAT

Die Republiek ~~WA~~ (...NAAM...) is 'n demokratiese regstaat en berus

- (i) op die verdeling van die staatsgesag in die wetgewende, uitvoerende en regspreekende gesag en
- (ii) op die voorrang van en agting vir die reg in die algemeen en die regte in die besonder wat in hierdie grondwet vervat is.

## ARTIKEL 4

### TERRITORIALE WERKING

1. Hierdie grondwet vind sy werking in die gebied van die Republiek van (...NAAM...).

2. Samewerking...4/-

2. Samewerking tussen die Republiek van ~~NAAM~~ (...NAAM...) en ander state in Suidelike Afrika asook die onderlinge verdeling van die volkregtelike bevoegdhede en kompetensies tussen hierdie instansies geskied op 'n vrywillige basis binne konfederale verband en kom tot uitdrukking in onderlinge verdrae wat vir hierdie doel tussen die samestellende state gesluit word en welke verdragsbepalings in die onderskeie konstitusies opgeneem sal word.

## ARTIKEL 5

### TERRITORIALE INTEGRITEIT

1. Die gebied van die Republiek (...NAAM...) is onskendbaar, ondeelbaar en onveranderbaar, tensy die Parlement deur middel van 'n parlements-wet wat drie stadium moet deurloop met 'n meerderheid van 80% anders beslis.
- 2.(i) Dit is die hoogste prioriteit vir die Staat om te sorg vir die verdediging van die Republiek en sy belangte asook die beskerming van sy burgers teen interne en eksterne bedreiging.
- (ii) Vir hierdie doel moet die Staat sorg vir 'n doeltreffende weermag en polisiemag en die daarmee samehangende staatsveiligheidsdienste.
- (iii) Die Staatspresident is *ex officio* hoof van die weermag, polisiemag en ander staatsveiligheidsdienste.

## ARTIKEL 6

### BURGERSKAP

- 6.1 Burgerskap word toegeken aan alle Afrikaners wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Grondwet in die gebied woonagtig is asook diegene wat elders gebore of woonagtig is en om burgerskap aansoek doen.
- 6.2 Burgerskap in albei bogenoemde gevalle dws Afrikaners wat in die gebied woonagtig is asook diegene wat van elders af aansoek doen, is afhanklik van die in besit wees van 'n burgerskapsertifikaat wat deur die bevoegde owerheid uitgereik word. Regulerings geskied deur 'n parlements-wet.
- 6.3 Burgerskap word verder toegeken aan diegene wat die leeftyd van agtien jaar bereik het; in die gebied gebore is en waarvan beide ouers burgerskap besit; hetsy by wyse van afstamming van 'n Afrikaner aan vaders- of moederskant of by wyse van 'n burgerskapsertifikaat wat aan beide ouers soos in artikel 6(2) bepaal, toegeken is.
- 6.4 Met behoud van artikel 8(3)(1) van die Grondwet is burgerskap 'n voorvereiste vir elke aanstelling in die wetgewende, uitvoerende en regsgeskiedende gesag op alle vlakke.

## ARTIKEL 7

### BURGERSKAPSREGTE

1. Alle burgers wat die agtiende lewensjaar bereik het, beskik oor aktiewe kiesreg om daardeur verteenwoordigers in en vir die Parlement en ander deur hierdie grondwet ingestelde liggeme te kies en waardeur die volk deur middel van politieke partye of indiwidue aan die demokratiese proses deelneem en die volkswil sodoende tot uitdrukking bring.

2. Alle burgers...6/-

2. Alle burgers wat die agtiende lewensjaar bereik het, beskik oor passiewe kiesreg om daardeur as volksvertegenwoordigers in en vir die Parlement en ander deur hierdie grondwet ingestelde liggame benoem en verkies te word; met dien verstande dat sodanige burgers voldoen aan die by wet vereiste toepaslike kwalifikasies vir sodanige benoeming en verkiesing.
3. Elke burger het die reg om
  - (i) 'n politieke party te stig;
  - (ii) by 'n politieke party aan te sluit en aan die bedrywighede van sodanige politieke party deel te neem;
  - (iii) op 'n vreedsame wyse sy of haar politieke oortuigings uit te leef en ander persone op 'n vreedsame wyse van sy of haar politieke sienings te oortuig;
  - (iv) persone in diens van die Staat word nie verbied om aan regmatige politieke bedrywighede deel te neem nie; met die voorbehoud dat geen persoon in diens van die staat hom vir enige amp vir die liggame wat in hierdie grondwet vervat is, verkiesbaar mag stel nie.
4. Elke burger het die reg om nie
  - (i) van sy of haar burgerskap ontnem te word nie;
  - (ii) uit die Republiek verban, uitgesit of uitgelewer te word nie;
  - (iii) verhinder te word om die Republiek te verlaat nie; behalwe in gevalle van 'n bevel of uitspraak van 'n hof of ingevolge 'n wettige aanhouding soos bepaal in 'n parlements-wet ingevolge artikel 9(3)(2) van hierdie Grondwet;
  - (iv) 'n paspoort geweier of ontnem te word nie; behalwe waar die staatsveiligheid dit ingevolge 'n hofbevel noodsaak.

## ARTIKEL 8

### NIE-STAATSBURGERS.

1. Alle nie-staatsburgers wat hulle in die gebied bevind, is daarop geregtig om behandel te word in ooreenstemming met die algemeen erkende volkeregtelike standaard van behandeling en in besonder in ooreenstemming met die regte wat in hierdie grondwet vervat is; met dien verstande dat diegene wat as buitelandse toeriste, buitelandse studente of soortgelyke persone tydelike verblyfsvergunning geniet wat deur 'n Suid-Afrikaanse ambassade of konsulêre kantoor in die buiteland toegeken is, nie 'n reg van beroep op hierdie fundamentele regte het nie.
2. Nie-staatsburgers mag slegs werk verrig indien hulle in besit is van 'n werkvergunningspermit wat deur die Departement van Arbeid en Mannekrag uitgereik is en wat elke tweede jaar hernieu moet word.
3. Nie-staatsburgers het geen toegang tot die Staatsdiens in watter verband of op watter vlak ook al nie; met die voorbehoud dat tegniese en deskundige personeel na aanbeveling deur die Staatsdienskommissie, en in geval van weermag-, polisie en veiligheidspersoneel, deur die Staatsveiligheidsraad uit die gelede van nie-staatsburgers deur middel van 'n dienskontrak wat minstens elke drie jaar hernieu moet word, aangestel kan word. Regulerung geskied deur middel van 'n parlementswet.
4. Nie staatsburgers word nie verplig om enige vorm van diens in die weermag of veiligheidsdienste te verrig nie.
5. Dit staan nie-staatsburgers - soos staatsburgers - vry om enige wettige transaksie te sluit waarop die Suid-Afrikaanse reg van toepassing is; met die voorbehoud dat in geval van nie-staatsburgers die aankoop van onroerende goedere slegs deur middel van 'n regs- of regspersone kan geskied wat kragtens die landswette geregistreer is en met die voorbehoud verder dat Suid-Afrikaanse burgers nie minder nie as 40% aandeelhouding daarin moet hê.

## DEEL 2

### ARTIKEL 9

#### REGTE EN PLIGTE VAN BURGERS EN NIE-BURGERS

##### 9.1 Gelding, Beperkings en Afdwinging.

(i) Die regte en pligte in hierdie grondwet vervat,

- (a) skep slegs 'n regsverhouding tussen die Staat aan die een kant en burgers en nie-burgers aan die ander kant soos in hierdie grondwet hieronder uiteengesit.
- (b) het geen regswerking met betrekking tot derdes nie;
- (c) het die regskarakter van afweerregte teen die op hierdie regte inbreukmakende staatsowerheid op watter vlak van owerheidsoptrede ook al;
- (d) bind die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag op alle staatsowerheidsvlakke as direk geldende reg;
- (e) is beregbaar en moet deur alle howe afgedwing word met 'n appél in die laaste instansie na 'n vir hierdie doel ingestelde Konstitusionele hof. Regulering geskied deur 'n parlementsreg.
- (f) word beperk aan die hand van:
  - (aa) die grense van hulle eie inhoud;
  - (bb) die trefwydte van ander regte in hierdie grondwet vervat;
  - (cc) algemene wetgewing vir sover hierdie grondwet beperking deur parlementslette toelaat.

## 9.2 INHOUD EN TREFWYDTE

### DIE MENSELIKE LEWE EN MENSWAARDIGHEID

- 9.2.1 Die deur God geskape menslike lewe en die waardigheid van elke mens is onskendbaar; om die mens met agting te behandel en te beskerm is die hoogste plig van die staatsowerheid;
- 9.2.2 Geen persoon mag van sy of haar lewe opsetlik of nalatig ontneem word nie; tensy dit geskied in die voltrekking van 'n doodvonnis as finale vonnis deur 'n bevoegde hof opgelê nadat 'n aansoek om begenadiging na die Staatspresident-in-Rade onsuksesvol was; en met die voorbehoed verder dat die doodvonnis opgelê word ooreenkomsdig artikel 6 van die Internasionale Handves op Burgerlike en Politieke Regte van 1966. Regulering geskied deur middel van 'n parlementsverdrag.

## 9.3 PERSOONLIKE VRYHEID

- 9.3.1 Elkeen het die reg op die vrye ontwikkeling van sy persoonlikheid; vir sover hy of sy nie daardeur op die regte van ander inbreuk maak nie en dit nie gerig is teen die konstitusionele orde of teen die staatsveiligheid of teen die algemeen aanvaarde openbare sedes nie.
- 9.3.2 Elkeen het die reg op lewe, op liggaamlike onaantastbaarheid, op sy eie persoonlike vryheid en privaatlewe. Op hierdie regte mag slegs op grond van 'n parlementsverdrag inbreuk gemaak word waarin die magtiging, perke en prosedure vir sodanige vryheidsontneming uitdruklik en omsigtig voorgeskryf moet word; met dien verstande dat geen wet:
- 9.3.2.1 misdrywe met terugwerkende krag skep nie;
- 9.3.2.2 die skadeloosstelling van staatsowerheidspersone of -instansies vir die onregmatige doodslag of besering van persone of die beschadiging van eiendom tot gevolg het nie;

- 9.3.3 die aanhouding van 'n persoon vir 'n langer tydperk as 48 uur magtig nie; met die voorbehoud dat in gevalle waar die veiligheid van die staat in gevaar gestel word of kan word, geen persoon vir 'n tydperk langer as 72 uur sonder verlof of bevel van die Hooggeregshof aangehou kan word nie;
- 9.3.4 Regulering van artikel 9 (3)(3) van hierdie Grondwet geskied deur parlements-wet. Die interpretasie van artikel 9 (3)(3), asook die parlements-wet wat daarop betrekking het en enige owerheidshandeling ter uitvoering daarvan of bevinding of bevel van 'n geregshof of *quasi-judisële* liggaam is onderhewig aan die stelreël in *dubio pro libertate*.

#### 9.4 GELYKHEID VOOR DIE REG

- 9.4.1 Alle persone is gelyk voor die reg en het gelyke beskerming deur die reg.
- 9.4.2 Niemand mag bevoordeel of benadeel word bloot op grond van sy of haar geslag, herkoms, ras, taal, geloof of sy godsdienstige of politieke opvattings nie; met dien verstande dat hierdie artikel nie afbreuk daaraan doen nie dat die staat 'n Christelike grondslag dra.

#### 9.5 VRYHEID VAN GELOOF EN GEWETE

- 9.5.1 Die Christelike grondslag van die Staat is in ooreenstemming met die inhoud en strekking van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis.
- 9.5.2 Met die voorbehoud dat die Christelike grondslag van die Staat nie aangetas word nie, het elkeen die vryheid van geloof en gewete en word die vryheid van godsdienstige en politieke opvattings gewaarborg.
- 9.5.3 Die ongestoorde godsdiensoefening word gewaarborg.

#### 9.6. VRYHEID VAN SPRAAK

- 9.6.1 Elke persoon het die reg op vryheid van spraak in woord, skrif en beeld asook die reg om inligting uit algemeen toeganklike staatsinligtingsbronne te bekom en te versprei, uitgesonderde egter, inligting wat op staatsveiligheid betrekking het. Regulerung geskied by wyse van 'n Parlements-wet.
- 9.6.2 Die mediavryheid en die vryheid van verspreiding van inligting deur die radio en televisie word gewaarborg; met dien verstande dat onchristelikheid, geweld en onsedelikheid op generlei wyse bevorder mag word nie;
- 9.6.3 Hierdie regte word verder omvattend beperk deur regulerende en verbodsvoorskrifte vervat in parlementêre wetgewing ter beskerming van die jeug onder die ouderdom van 18 jaar en die algemene reg op persoonlike eergevoel. Die bewyslas om te bewys dat 'n jeugdige ouer as 18 jaar is, rus op die persoon wat dit beweer en hy of sy, is verplig om sodanige bewys by wyse van identifikasie in elke voorkomende geval voor te lê. Regulerung geskied deur 'n Parlements-wet.
- 9.6.4 Die beoefening van die kunste, die wetenskap, navorsing en wetenskaplike onderrig word gewaarborg. Hierdie vryheid word uitdruklik beperk deur die plig wat op elkeen rus om die bepalings van hierdie grondwet nougeset na te kom.

#### 9.7 DIE VRYHEID VAN VERGADERINGS EN PETISIES

- 9.7.1 Alle Burgers het die reg om vreedsaam saam met ander te vergader; Beperking geskied deur middel van 'n Parlements-wet.

9.7.2 Elke persoon het die reg om petisies op te stel en aan toepaslike owerheidspersone voor te lê; met dien verstande dat petisies aan en by die parlement volgens die prosedure in 'n parlements-wet vervat word, opgestel en voorgelê moet word.

## 9.8 VERENIGINSVRYHEID

- 9.8.1 Met behoud van artikel 8(3) van hierdie Grondwet het alle burgers die reg om verenigings, vakbondes, vennootskappe, beslote korporasies, maatskappye en soortgelyke organisasies te stig en, waar nodig die plig om dit by die toepaslike owerheidspersoon of - instansie te registreer. Regulering geskied deur 'n Parlemenstwet.
- 9.8.2 Verenigings of enige soortgelyke organisasie wie se oogmerke of bedrywighede in stryd is met die strafreg of wat sig teen die grondwetlike orde of die staatsveiligheid rig of die ekonomiese stabilitet versteur, word verbied.
- 9.8.3 Elke werknemer het die reg om 'n werknemersorganisasie te stig, daarby aan te sluit of nie aan te sluit nie, aan die bedrywighede van so 'n organisasie deel te neem of nie deel te neem nie of andersins daarmee te assosieer of nie te assosieer nie; kollektief of individueel te onderhandel en te beding; aan stakings deel te neem of nie daaraan deel te neem nie; met dien verstande dat stakings deur persone in diens van die Staat of in strategiese bedrywe en noodsaaklike dienste nie gemagtig is nie. Regulering geskied deur 'n parlements-wet met betrekking tot onbillike arbeidspraktyke, werksomstandighede, werksure, ontspanning en vakansiegeleentheid en riglyne ten opsigte van lone en salaris.

#### 9.9 BRIEF-, POS-, TELEGRAM- EN TELEFAKSVERTROULIKHEID

- 9.9.1 Die vertroulikheid van briewe, pos-, telegram- en telefakskorrespondensie word gewaarborg.
- 9.9.2 Beperkinge mag op grond van 'n parlementswet bepaal word en moet in gevalle van aangeleenthede wat die staatsveiligheid raak in 'n parlementswet vervat word.

#### 9.10 BEROEPSVRYHEID

- 9.10.1 Elke burger het die reg om beroep, werkplek, ambag, bedryf, onderneming en besigheid te kies.
- 9.10.2 Die beroepsuitoefening kan egter deur 'n parlementswet gereguleer en in algemene belang beperk word.
- 9.10.3 Niemand mag gedwing word om 'n spesifieke werk of arbeid te verrig nie, behalwe wanneer dit geskied ingevolge 'n plig wat in die algemene belang aan almal op 'n gelyke grondslag opgelê word.
- 9.10.4 Verpligte arbeid is alleen toelaatbaar wanneer dit geskied ingevolge 'n wettige hofbevel of straf na skuldigbevinding deur 'n geregshof.

#### 9.11 MILITÆRE DIENSPLIG

- 9.11.1 Manlike burgers, wat die agtiende lewensjaar bereik het, is verplig om militêre diensplig in die weermag, polisie of staatsveiligheidsdienste te verrig. Hierdie diens asook opvolgende militêre kampe word deur parlementswet gereguleer.
- 9.11.2 Vroulike burgers, wat die agtiende lewensjaar bereik het, kan op versoek en by mediese geskiktheid militêre diens doen by 'n opleidingsplek vir een jaar. Regulering geskied deur parlementswet.

#### 9.12 DIE ONSKENDBAARHEID VAN DIE WOONPLEK

- 9.12.1 Die woonplek van elke persoon is onskendbaar, met die voorbehoud egter dat deursoeking van die woonplek slegs deur 'n regter beveel kan word in geval waar verdag bestaan dat 'n misdryf waarskynlik gepleeg is; en met die verdere voorbehoud dat die deursoeking moet geskied op die wyse en voorwaardes wat die regter mag ople.
- 9.12.2 Met behoud van par.(1) mag verdere beperkings deur parlements-wet opgeleë word om 'n gemeenskaplike gevaaar of 'n lewensgevaar vir 'n persoon of persone, om 'n dreigende gevaaar vir die openbare veiligheid of gesondheid die hoof te bied.

#### 9.13 EIENDOMS- EN ERFREG

- 9.13.1 Eiendom- en erfreg word gewaarborg. Inhoud en beperkings geskied deur die gemene-reg en wette van die parlement.
- 9.13.2 Onteiening geskied slegs wanneer die algemene belang dit vereis en billike vergoeding deur die Staat betaal word.

#### 9.14 SKOOLONDERRIG

- 9.14.1 Die skoolonderrig in sy geheel staan onder die sorg van die Staat; met die uitdruklik voorbehoud dat volkseie skoolonderrig deur die Staat gewaarborg word; Regulering geskied deur 'n Parlements-wet.
- 9.14.2 Godsdiensonderrig is, behalwe in die gevalle waar die ouergemeenskap anders besluit, 'n verpligte skoolvak;
- 9.14.3 Ouers en wettige voogde het die reg om oor die deelname van hulle kinders aan godsdiensonderrig self te besluit;
- 9.14.4 Die reg om privaatskole op te rig en te bedryf word gewaarborg. Regulering geskied deur parlements-wet.

#### 9.15 DIE HUWELIK, GESIN EN KINDERS

- 9.15.1 Die huwelik en gesin staan onder die beskerming van die Staat;
- 9.15.2 Dit is die deur God gegewe reg en hoogste plig van ouers om vir hulle kinders te sorg en hulle op te voed, met dien verstande dat die Hooggeregshof die oppervoog van alle minderjarige kinders is.
- 9.15.3 Teen die wil van die ouers of wettige voogde mag hulle kinders slegs van hul weggeneem word, indien die ouers of voogde nalaat om vir hulle kinders behoorlik te sorg of wanneer die kinders om ander redes verwaarloos word en dan ook slegs op grond van 'n bevel van 'n Kinderhof nadat verslae en getuienis van Volkswelsyn en die getuienis van ouers/voogde of hulle getuies aangehoor is. Regulerings geskied deur parlements-wet.
- 9.15.4 Aangename kinders en kinders buite die eg gebore is geregtig op dieselfde behandeling as alle ander kinders.

DEEL 3

ARTIKEL 10

WETGEWENDE GESAG

Die Wetgewende Gesag bestaan uit die Staatspresident - wanneer hy die wetsontwerpe onderteken - en die Parlement wat bestaan uit die Volksraad en die Senaat.

ARTIKEL 11

VOLKSRAAD

VERKIESING

- 11.1 Die lede van die Volksraad word in algemene, direkte, vrye, gelyke en geheime stemmings vir vier jaar verkies en hulle verteenwoordig hulle kiesafdelings in die Volksraad.
- 11.2 Tussenverkiesings moet plaasvind wanneer lede oorlede is of bedank. Regulering word geskied deur parlements-wet.
- 11.3 Die Volksraad bepaal die begin en einde van sy sittings. Die President van die Volksraad roep die Volksraad byeen op versoek van die Staatspresident of op versoek van 'n petisie van minstens 1/3 (een-derde) van sy lede.

## ARTIKEL 12

### PRESIDENTE, VOORSITTERS EN REGLEMENT

- 12.1 Die Volksraad en Senaat verkies elke twee jaar onderskeidelik 'n President as sy Voorsitter. Tydens gesamentlike sittings van die Volksraad en die Senaat tree die President van die Volksraad op as Voorsitter.
- 12.2 Die Volksraad en Senaat verkies elke twee jaar onderskeidelik sy eie onder-voorsitter.
- 12.3 Die Volksraad en Senaat stel sy eie huishoudelike reglement op.
- 12.4 Die President van die Volksraad voer gesag in die Parlement en oor parlementslede as die Parlement in sitting is en sonder sy toestemming mag geen dagvaardig op lede of geen ondersoek of deursoek van lede of van hulle kantore of van hulle huise tydens parlementsittings plaasvind nie. Regulerung geskied deur parlements-wet.

## ARTIKEL 13

### OPENBARE SITTINGS EN BESLISSINGS

- 13.1 Die Volksraad en die Senaat sit in die openbaar; tensy met 'n 2/3 (twee-derde) meerderheid beslis word om *in camera* te sit.
- 13.2 Die Volksraad en die Senaat neem besluite met 'n meerderheid van stemme; tensy hierdie grondwet anders bepaal. Regulerung geskied deur die huishoudelike reglement van die Volksraad en die Senaat.
- 13.3 Die verrigtinge van die Volksraad en die Senaat word woordeliks opgeteken in Hansard. Regulerung geskied deur die huishoudelike reglement.

- 18 -

## ARTIKEL 14

### GESAMENTLIKE KOMITEES

Die President van die Volksraad stel gesamentlike Komitees uit die geledere van die onderskeie politieke partye aan om wetsontwerpe te bespreek, getuienis daaroor aan te hoor en konsensus te bevorder. Regulering geskied deur die huishoudelike reglement.

## ARTIKEL 15

### SENAAT

#### SAMESTELLING

Die Senaat word saamgestel uit

- 15.1 lede indirek verkies deur Volksraadslede proporsioneel tot die aantal volksraadslede van elke politieke party.
- 15.2 verteenwoordigers van streke

## ARTIKEL 16

#### VOORSITTER, BESLUITE EN REGLEMENTE

1. Die President van die Senaat roep die Senaat byeen op versoek van die Staatspresident en moet die Senaat byeenroep op versoek van minstens 2/3 (twee-derdes) van alle Senatore.

DEEL 4

ARTIKEL 17

DIE UITVOERENDE GESAG

OMSKRYWING

Die Uitvoerende Gesag is die beleidmakende en die beleidsuitvoerende Staatsgesagsorgaan van die regering van die dag aan wie tegelyk die uitvoering van die wette van die Parlement en die publiekregtelike administrasie van die land opgedra word.

ARTIKEL 18

SAMESTELLING EN VERANTWOORDELICKHEID

1. Die Uitvoerende Gesag bestaan uit die Staatspresident, die Kabinet bestaande uit die Ministers deur die Staatspresident aangestel en die Staatsdepartemente wat deur die Staatspresident in die lewe geroep is en waarvan die Ministers die politieke hoofde en die Staatsekretarisse die administratiewe hoofde is.
2. Die Staatspresident dra presidensiële verantwoordelikheid vir die doen en late van sy Ministers en die Ministers dra ministeriële verantwoordelikheid vir die gebeure in sy staatsdepartement.

## ARTIKEL 19

### DIE STAATSPRESIDENT

1. Die Staatspresident is Staatshoof en Opperbevelvoerder van die weermag.
2. Die Staatspresident dra die hoogste plig om te sorg dat die Grondwet en die verdrae wat met ander state gesluit is, nougeset nagekom word, asook dat die politieke onafhanklikheid en die territoriale integriteit van die staat onder alle omstandighede bewaar bly.

## ARTIKEL 20

### VERKIESING EN AMPSTYDPERK

1. Die Staatspresident word in algemene, direkte en geheime stemming vir 5 jaar deur die geregistreerde kiesers bo die ouderdom van 18 jaar wat ook burgers is, verkies.
  2. Die Staatspresident is vir 'n tweede ampsperiode verkiesbaar.
  3. Enige persoon wat die ouderdom van 40 jaar bereik het en oor burgerskap van die Republiek (...NAAM...) beskik, is geregtig om hom of haar as Staatspresident verkiesbaar te stel.
- 4.1 Die ouderdomsgrens vir die uitoefening van die amp van Staatspresident word op die ouderdom van 75 jaar vasgestel.
2. Wanneer die Staatspresident die 75 jaar voltooi, moet hy sy amp neerlae.

- 5.1 Die Staatspresident word met 'n absolute meerderheid van die geregistreerde kiesers verkies.
2. Indien geen van die Staatspresidentskandidate in die eerste verkiesing 'n absolute meerderheid verkry nie, moet binne 14 dae 'n tweede verkiesing gehou word en word die kandidaat wat die meeste stemme gekry het, as verkose verklaar.

#### ARTIKEL 21

##### AMPSEED

By sy ampsaanvaarding moet die Staatspresident die eed in voorgeskrewe vorm aflê.

#### ARTIKEL 22

##### WAARNEMENDE STAATSPRESIDENT

In gevalle van afwesigheid, bedanking of oorlye, tree die President van die Senaat tydelik op as Waarnemende Staatspresident totdat 'n Staatspresident verkies is.

ARTIKEL 23

KABINET

Die Staatspresident is voorsitter van die Kabinet, wat uit die deur die Staatspresident aangestelde Ministers bestaan wat die politieke hoofde van die Staatsdepartemente is.

ARTIKEL 24

ADJUNK-MINISTERS

Die Staatspresident kan in sy diskresie adjunk-Ministers soos benodig aanstel, maar nie meer as die helfte van die aantal Ministers nie.

ARTIKEL 25

Die Uitvoerende Gesag is verplig om te sorg vir 'n dinamiese Staatsdiens en landsadministrasie wat geskik moet wees om aan die een kant die regte van individue te beskerm maar aan die ander kant die openbare belang in die oog te hou en te bevorder en wel op so 'n wyse dat verlammende burokratisering vermy word sodat die Staatsdiens te alle tye die beste diens aan die land kan lewer.

## DEEL 5

### ARTIKEL 26

#### DIE REGSPREKENDE GESAG

##### GRONDBEGINSELS

- (1) Regsprekende bevoegdheid word aan die Regters toevertrou, wat hierdie bevoegdheid uitoefen in die volgende geregshowe wat ingestel moet word:
  - (i) die Appélhof
  - (ii) die Konstitusionele Hof spesiaal vir konstitusionele geskille
  - (iii) Hooggeregshowe
  - (iv) Laerhowe en
  - (v) Spesiale howe ingestel kragtens wet.
- (2) Die Regsprekende Gesag is onafhanklik van die Wetgewende en Uitvoerende Gesag op alle vlakke.
- (3) Die Regsprekende gesag waarborg die regte, vryhede, pligte, byvoegdhede, kompetensies en verbodsbeplittings wat in hierdie Grondwet vervat is.

### ARTIKEL 27

#### AANSTELLING EN UITDIENSPLASING VAN REGTERS

1. Regters word aangestel deur die Staatspresident wat handel op die benoemings deur 'n Regterskommissie bestaande uit :
  - (i) Die Hoofregter en twee Appélregters
  - (ii) Die Regters-presidente,

- (iii) Minister van Justisie
- (iv) Die Hoofwoordvoerders van Justisie van alle politieke partye
- (v) 'n Dekaan van 'n regsfakulteit aan 'n erkende Suid-Afrikaanse universiteit en
- (vi) twee advokate en twee professore in die regswetenskap aan 'n erkende Suid-Afrikaanse universiteit vir die appélhewe, konstitusionele hof en hooggeregshewe en vir die appélhewe, konstitusionele hof en Hooggeregshewe en verder
- (vi) twee prokureurs en twee mede professore en 'n erkende Suid-Afrikaanse universiteit vir die laerhewe en ander spesiale howe

(2) Met die uitsondering van die vaste lede van die Regterskommissie word die ander lede van die Kommissie elke drie jaar vervang.

2. (1) Regters kan nie teen hulle wil nie maar slegs op grond en op die wyse wat deur 'n parlementswet bepaal word deur die Staatspresident na goedkeuring deur die Parlement voor afloop van hulle dienstyd ontslaan of permanent of tydelik van hulle ampte ontheft of met pensioen op aftrede geplaas word; met dien verstande dat wetgewing ouderdomsperke vir die dienstydperk van regters kan vasstel waarna regters by die bereiking van daardie ouderdomsperk moet aftree.
- (2) By verandering van die struktuur van die howe of die verandering van die jurisdiksiegrens van geregshewe kan regters na 'n ander geregshof oorgeplaas of verplaas of uit diens geplaas word; met dien verstande dat aan sodanige regters hulle volle salaris en byvoordele tot by aftrede betaal word, waarna hulle vir pensioen, byvoordele en gratifikasie kwalifiseer.

## ARTIKEL 28

### REGSBESKERMING

1. Elkeen het ongehinderd toegang tot die geregshewe en kan in alle gevalle regsbeskerming in ooreenstemming met die reg verlang om daardeur sy of haar regte op te eis of te verdedig;

2. Die volledige regsweg word vir elkeen in alle gevalle waar sy of haar regte aangetas is, gewaarborg.
3. Niemand mag regsbeskerming ontsê word op grond van 'n gebrek aan die nodige fondse nie. Regulering geskied deur 'n parlemenstwet waarin onder andere bepaal word dat die Staat deur middel van die Departement van Justisie moet toesien dat 'n sisteem van regskosteversekering tot stand gebring en in stand gehou word.
4. In gevalle van halsmisdade het elkeen aanspraak op pro deo-verdediging; voorsien deur die Staat uit die geledere van die staatsadvokate wat by die Kantoor van die Advokate-Generaal diens doen.
5. Die reg van eie regsverteenwoordiging word in alle gevallen geregshowe arbitrasiegedinge, tugkomitees, huishoudelike beslegtingskomitees en soortgelyke ondersoeke gewaarborg. Enige wetbepaling of bepaling in wette of huishoudelike reglemente in stryd hiermee is ab initio nietig.
6. Die reëls van natuurlike geregtigheid moet in alle hofsaake arbitrasieverhore, tugkomitees, beslegtingskomitee of soortgelyke ondersoeke nougeset nagekom word. Enige bepaling en enige bevinding in stryd met die reëls van natuurlike geregtigheid is ab initio - nietig met regskostekonsekvensies.

## DEEL 6

### ARTIKEL 29

#### FINANSWESE

##### BEGROTING

1. Alle inkomste en uitgawes van die Republiek word in die Begrotingswetsontwerp vervat wat jaarliks by die Parlement op Begrottingsdag, so vroeg moontlik na aanvag van die parlementsitting, ingedien moet word; met dien verstande dat 'n gedeeltelike begrotingswetsontwerp vir gedeeltelike uitgawes voor Begrottingsdag ingedien en goedgekeur mag word.

2. Die Begrotingsjaar strek vanaf indiening van die Begroting in een jaar tot die indiening van die Begroting in die daaropvolgende jaar.
3. Die Begroting moet deur albei Huise van die Parlement goedgekeur word.
4. Uitgawes van die Staat waarvoor in die Begroting nie voorsiening gemaak word nie geskied deur middel van toestemming deur die Minister van Finansies geratificeer deur 'n wet van die Parlement.
5. Die uitgawes van die Staat word streng gekontroleer deur die Ouditeur-Generaalskommissie bestaande uit die Ouditeur-Generaal en vier onafhanklike ouditeurs, drie onafhanklike regsgelerdes en een verteenwoordiger elk van die onderskeie politieke partye. Hierdie lede kan aanspraak maak op regterlike onafhanklikheid en kan in gesamentlike komiteesittings enigeen aansé om voor hom te verskyn en vrae te antwoord. Die verbatim oorkonde van hierdie verrigtinge word tot beskikking van politieke partye gestel vir gebruikmaking in openbare debat in die Parlement. Regulering geskied deur parlements-wet.
6. Die Ouditeur-Generaalskommissie doen jaarliks volledig verslag oor sy werkzaamhede en bevindings aan albei huise van die Parlement.

## DEEL 7

### ARTIKEL 30

#### MILITÆRE AANGELEENTHEDE

1. Verklaring van oorlog geskied deur die Staatspresident, na besluit deur die Staatspresident-in-Rade en onmiddellike ratifikasie van hierdie besluit deur die Parlement. Is onmiddellike ratifikasie nie moontlik nie, geskied die ratifikasie deur die Parlement onmiddellik nadat die omstandighede dit toelaat.
2. In sodanige geval gaan die bevel van die weermag en alle veiligheidsdienste oor op die Staatspresident en hy is gemagtig om 'n oorlogs-kabinet saam te stel.

3. (1) Die vasstelling dat die Republiek in 'n gewapende konflik betrokke is of dat die Republiek eksterne of intern bedreig word, geskied deur die Staatspresident-in-Rade met ratifikasie deur die Parlement.  
(2) In sodanige geval is die Staatspresident gemagtig om 'n noodtoestand in die land, gedeeltelike noodtoestand in gebiede, gebiede as onrusgebiede of krygswet af te kondig. Regulerings geskied deur parlements-wet.
4. (1) In gevalle van 'n oorlogstoestand, noodtoestand in die land en krygswet word die Parlement, wat gesamentlik sit, gemagtig om, vir sover dit noodwendig is, bepalings van hierdie grondwet vir die duur van sodanige toestand met wetgewing te vervang wat daarop gerig is om die toestand die hoof te bied.  
(2) In sodanige geval geld die proporsionaliteitsbeginsel.

## DEEL 8

### ARTIKEL 31

#### INTERPRETASIE

1. By die toepassing van die bepalings van hierdie Grondwet, die straf- en strafprosesreg in besonder of enige ander wette, geld die stelreeël *in dubio pro libertate*.

## DEEL 9

### ARTIKEL 32

#### WYSIGING VAN DIE GRONDWET

## 1. INISIATIEFREG

1. Die Inisiatiefreg vir die wysiging van hierdie Grondwet is geleë by die verkose parlementêre verteenwoordigers wat dit indiwidueel, of deur middel van 'n politieke party of na ontvangs van 'n petisie van 50,000 geregistreerde kiesers by die Staatspresident en die Speaker van die Parlement indien.
2. Die deel van die Grondwet wat gewysig is, word ddadelik deur die Staatspresident in die openbaar aangekondig en in die eersvolgende uitgawe van die Staatskoerant opgeneem.

## 2. WYSIGING

Geen deel van hierdie Grondwet mag gewysig word nie; tensy goedgekeur deur 'n meerderheid van 60% van alle verkose parlementêre verteenwoordigers van albei huise van die Parlement wat saam sit; met die voorbehoud dat vir die wysiging van die handves van fundamentele regte en pligte en hierdie wysigingsbepaling die vereiste meerderheid 80% is; maar met dien verstande verder dat 100,000 kiesers onder die leiding van ten minste 10 verkose parlementêre verteenwoordigers 'n volksreferendum ten opsigte van hierdie wysiging(s) by die Staatspresident kan aanvra wat dit moet toestaan en sodanige referendum vind binne ses weke plaas. Die uitslag by wyse van 2/3 (twee-derdes) van alle geregistreerde kiesers is op alle staatsowerheidspersone en -instansie bindend. Regulering geskied deur 'n parlements-wet.

## DEEL 10

### ARTIKEL 33

## INWERKINGTREDING VAN DIE GRONDWET

1. Die Parlementêre Raad bestaande uit alle verkose parlementêre verteenwoordigers bepaal in 'n openbare sitting die dag van inwerkingtreding van hierdie grondwet en kondig dit in die openbaar aan.
2. Hierdie grondwet tree amptelik in werking op die dag wat in artikel (1) aangekondig is waarna die Parlement met sy eerste sitting op die direk daarop volgende dag begin.

3. Die aankondigingsdatum en die inwerkingtredingsdatum van hierdie grondwet word in die Staatskoerant aangekondig.

4. Oorgangsbepaling.

- (i) Bepalings wat noodwendig is vir die inwerkingtreding en werking van hierdie Grondwet word goedgekeur deur die Parlement, en indien die Parlement nog nie in sitting is nie of kragtens hierdie Grondwet nog nie kan sit nie, dan die Staatspresident of indien hy nog nie verkies is nie, dan die Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika.
- (ii) Sodanige bepalings moet deur die Parlement binne 14 dae na die inwerkingtreding van hierdie Grondwet geratifiseer en in die Staatskoerant aangekondig word.